# HESSEQUA HARMONIE



## 2025

## FEES- EN MEDIAVERSLAG

# INHOUD

1. ............................................................Feesoorsig

2. ...................................................Visie en Missie

3. ....................................................... Feesprogram

4. ...................................................Uitreikprojekte

5. .....................................................Mediadekking

6. ..........................................................................Foto's

7. ..............................................................................Borge



# FEESOORSIG

**By Hessequa Harmonie 2025 wat van 23 tot 27 September in Heidelberg gehou is, het mense van alle ouderdomme musiek en kuns deur gerekende kunstenaars saam met plattelandse gasvryheid geniet. Feesgangers kon dans, lag vir 'n komiese vertonings en kunswerkswinkels bywoon tussen die gewilde klassieke en ligter musiekuitvoerings, gespreksreeks en kunsuitstallings wat elke jaar fynproewers en nuwe besoekers aan die omgewing bekoor. Die fees vind volgende jaar plaas vanaf 22 – 26 September.**

Samantha van den Berg van Die Burger het Dinsdagoggend, 23 September tydens die Boere Brekfis by die Skeerhok padstal met Chris Burgess, redakteur van Landbouweekblad, gesels oor hoe om die platteland te laat floreer. Die amptelike feesopening was 'n reusekonsert, aangebied deur Nataniël en die gevierde pianis Charl du Plessis. Die sopraan Zanne Stapelberg het Spaanse liedere gesing in die aanbieding, "RooiBessieHart".

Die stylvolle Harmonie Langtafel in Heidelberg se stadsaal is ook die jaar weer suksesvol aangebied. Die Ramon Alexander-kwartet het gesorg vir strelende jazz-musiek, terwyl heerlike kos saam met Van Loveren-wyne bedien is.

Op vanjaar se program, was die geliefde radiopersoonlikheid, Haidee Muller-Isaacs as Boeke Brekfis-aanbieder weer te sien. Sy het Woensdag, Donderdag en Saterdag onderskydelik met Professor Michael le Cordeur, Sandra Prinsloo, Diederik Geldenhuys en Dr. Marienne Uys by die Doornboom Opstal in Heidelberg gesels. Die musiekprogram het oudergewoonte 'n verskeidenheid aanbiedinge met uitmuntende kunstenaars gehad. Donderdg het die Weense sangeres ClaraMontocchio 'n verskeidenheid van volksmusiek regoor die Europa gesing. Dit is gevolg deur 'n Afrikaanse kunsliedkonsert en 'n komedie. Na die sukses van verlede jaar se eerste komiese toneelstuk by die fees, het Tiaan Slabbert Donderdagaand die gehoor kom vermaak met Rudi van Rensburg se geliefde werk, "Hans bars die bioborrel".

Vrydagoggend is 'n Barok-ontbyt aangebied met die sopraan Lynelle Kenned, pianis, Elna van der Merwe en violis, Petrus de Beer. 'n tradisionele Erfenisete met 'n Pinotage wynparing is die middag aangebied. Vrydagaand was die jaarlikse ATKV galakonsert in Heidelberg se historiese NG Kerk met die Windworx Simfoniese blaasorkes, met dirigente Pamela Kierman en Riaan van Wyk, die soprano Lynelle Kenned, Jo-nette le Kay, Zanne Stapelberg, die bariton William Berger en 'n massakoor van 300 sangers, saamgestel deur Betsie Ryke 'n hoogtepunt.

Hierdie koor is die uitkoms van die Hessequa Harmonie se gemeenskapsprojek Voor-in-die-koor waar 'n aantal kore in die omgewing koor werkswinkels ontvang deur Betsie Ryke en Raviq Filies. Saterdagmiddag was die sanger Niël Rademan, en konsertpianiste José Dias en Prof. Mario Nell by Dasjesdrift buite Heidelberg te sien in die produksie, "Karnaval van die diere". Die afsluitingskonsert is aangebied deur Jak de Priester.

By Hessequa Harmonie 2025 wat van 23 tot 27 September in Heidelberg gehou is, het mense van alle ouderdomme musiek en kuns deur gerekende kunstenaars saam met plattelandse gasvryheid geniet. Feesgangers kon dans, lag vir 'n komiese vertonings en kunswerkswinkels bywoon tussen die gewilde klassieke en ligter musiekuitvoerings, gespreksreeks en kunsuitstallings wat elke jaar fynproewers en nuwe besoekers aan die omgewing bekoor. Die fees vind volgende jaar plaas vanaf 22 – 26 September.



# VISIE EN MISSIE

## Visie

Die Hessequa Harmonie bring mense van verskillende ouerdomme en agtergronde deur middel van musiek, woordkuns en kuns as nasieboumeganisme bymekaar.

## Missie

Om die reikwydte wat die Hessequa Harmonie reeds het te vergroot en selfs meer mense te bedien met die helende krag van die kunste.

# FEESPROGRAM

## Dinsdag 23 September



**Boere Brekfis**
Met Samantha van den Berg en Chris Burgess
GESPREK

Aangebied deur Die Burger: Landbou se redakteur Samantha van den Berg. Sy gesels met Chris Burgess, die redakteur van Landbouweekblad, oor die belang van die moderne landbouer in die hedendaagse samelewing. 'n Plaasontbyt en koppie boeretroos is ingesluit.

**9:00 | DIE SKEERHOK PADSTAL | 120MIN | R300**



**Nataniël in konsert**
Met Charl du Plessis
LIGTE(R) MUSIEK

Hierdie heerlike konsert bestaan uit splinternuwe stories in Nataniël se unieke styl, asook musiek, oud en nuut, immergroen en oorspronklik en 'n versameling kostuums deur Floris Louw. Al die elemente van die Nataniël-skatkis: fantasie, humor, waarhede en wyshede, kwessies en kwellinge word meesterlik aangebied met Steinway-pianis, Charl du Plessis, saam op die verhoog.

**19:00 | HEIDELBERG STADSAAL | 85MIN | R300**



## Woensdag 24 September



**Sandra Prinsloo en onse Afrikaans**
Onderhoudvoerder: Haidee Muller-Isaacs
GESPREK

Sandra het vir die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) 'n reeks video-opnames gemaak wat die unieke aard, karakter en oorsprong van Afrikaans se diverse variëteite en dialekte verken. Dié verkenning strek van Sabela wat in tronke gepraat word, Graaffrikaans, Tsotsitaal/Flaaitaal, Gariep- /Oranjerivier Afrikaans, Rasta-Afrikaans, Karoo-Afrikaans, Rehoboth-Afrikaans, Bo-Kaap-Afrikaans, Namakwaland-Afrikaans en Kaaps. Sandra deel haar unieke ervarings van hierdie opnames met die gehoor in hierdie onderhoud.

**9:00 | DOORNBOOM OPSTAL (FOURIEHUIS) | 120MIN | R220**



**RooiBessieHart /Corazón de Bayas Rojas**
Met Zanne Stapelberg (stem en saksofoon) en Elna van der Merwe (klavier)
KLASSIEK

Spaanse klassieke- en tangomusiek: Werke van Astor Piazzolla, Enrique Granados, Manuel de Falla, Gerónimó Giménez,en Ruperto Chapí word vermeng met gedigte van Pablo Neruda en Namibiese digter Christine Hugo. 'n vertoning oor die liefde, verlies en ekstase.

**11:30 | PROEVIAND | 60 MIN | R220**



**Harmonie Langtafel**
Met die Ramon Alexander-kwartet: Ramon Alexander (klavier), Danél Murcott (fluit/ saksofoon), Chadleigh Gowar (baskitaar) en Annemie Nel (tromme)
Gasheer: Niël Rademan
LEEFSTYL & JAZZ

'n Swierige partytjie met strelende jazz-klanke, asook heerlike kos word hierdie jaar vir die tweede maal by die fees aangebied. Van Loveren-wyne word saam met die ete bedien.

**19:00 / HEIDELBERG / STADSAAL / 180 MIN / R400**

## **Donderdag** 25 September



### Afrikaans100-ontbyt
Met prof. Michael le Cordeur
Aanbieder: Haidee Muller-Isaacs.
Tema: Moedertaalonderrig
GESPREK

Met die Afrikaanse taal wat 100 jaar as amptelike landstaal vier in 2025, tree Haidee Muller-Isaacs in gesprek met prof. Michael Le Cordeur. Hy is 'n stigterslid van die Taalraad, 'n trustee van die Het Jan Marais nationale Fonds en die voorsitter van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans. Op internasionale vlak is hy lid van die Internationale Centrum voor het Afrikaans by die Gent-universiteit en die Internasionale Vereniging vir Navorsing in Taalonderwys (ARLE). 'n Ligte ontbyt is ingesluit.

**9:00 | DOORNBOOM OPSTAL (FOURIEHUIS) | 120MIN | R220**



### Volksmond: Wêreldmusiek
Met Clara Montocchio (sang), Greg Aufmesser (kontrabas) en Gertjie Besselsen (kitaar)
LIGTE(R) MUSIEK

Clara Montocchio is 'n Weense sangeres met Suid-Afrikaanse wortels en bied saam met Greg Aufmesser volksmusiek en verhale in Duits, Frans, Engels en Afrikaans aan in hierdie produksie wat vir Hessequa Harmonie saamgestel is. Die program bevat tradisionele liedere van regoor Europa asook oorspronklike komposisies van haar nuwe album. Haar stem weef landskappe gevul met poësie en emosioneel gelaaide improvisasie wat die gehoor op 'n unieke reis neem.

**11:30 | PROEVIAND | 60 MIN | R220**



### Afrikaans my hart
Met Zanne Stapelberg (sopraan), Jo-Nette le Kay (sopraan), William Berger (bariton), Lynelle Kenned (sopraan) en Elna van der Merwe (klavier)
KLASSIEK

Afrikaans as amptelike landstaal word vanjaar 100 jaar oud. Hessequa Harmonie vier hierdie jaar die taal as deel van ons erfenis met 'n konsert gevul met klassieke sowel as populêre liedere uit ons pragtige musiekskat.

**18:00 | HEIDELBERG STADSAAL | 60 MIN | R220**



### Hans bars die bioborrel
Met Tiaan Slabbert | Boek: Rudi van Rensburg | Teksverwerking: Wim Vorster
Regie: Èmil Haarhoff en Barend Mynhardt.
Vervaardiger: Leftfoot Theatre Productions
TONEEL

Wanneer Altoon Ahlers, befaamde akteur van weleer, die leisels van die interne bevelsraad van Huis Madeliefie oorneem, nadat Hans oor die hoof gesien is, bedink Hans 'n plan om Ahlers te onttroon. Hy moet net eenvoudig die inwoners met die verbode vrug se sap, aan sy kant kry...

**20:00 | NG KERKSAAL | 90 MIN | R220**

## **Vrydag** 26 September



### Barok vir brekfis
Met Lynelle Kenned (sopraan) en Elna van der Merwe (klavier) en Petrus de Beer (viool)
KLASSIEK

Die gevierde sopraan Lynelle Kenned sing van haar gunsteling barokmusiek en word begelei deur Petrus de Beer (viool) en Elna van der Merwe (klavier). 'n Ligte ontbyt is ingesluit.

**9:00 | DOORNBOOM OPSTAL (FOURIEHUIS) | 120MIN | R220**












### Erfeniskos
Met Niël Rademan (Trekklaviermusiek)
In samewerking met die Pinotage-verening en Pinotage100
**LEEFSTYL**

Saam met die Pinotage-vereniging vier ons erfenisweek met tradisionele Suid-Afrikaanse kos en pinotagewyne. Ons geniet heerlike bobotie en vars slaai uit Proeviand se tuin. (Met vegitariese opsies)

**11:30 | PROEVIAND | 120 MIN | R300**



### ATKV Galakonsert
Met die WindWorx Symphonic Wind Ensemble en Pamela Kierman (dirigent) en Riaan van Wyk (dirigent), Jo-Nette le Kay (sopraan), Zanne Stapelberg (sopraan), Lynelle Kenned (sopraan), William Berger (bariton) en 'n reuse gemeenskapskoor onder leiding van Betsie Ryke.
**KLASSIEK**

**18:00 / NG KERK / 90 MIN / R160**

## Saterdag 27 September



### Blomme Brekfis
Met Diederik Geldenhuys en Haidee Muller-Isaacs
**LEEFSTYL**

'n Eiesoortige blompraatjie en demonstrasie deur die plaaslike blommemeester, Diederik Geldenhuys. Ons gesels fynbos, natuurlike rangskikkuns en sy liefde vir die natuur. 'n Ligte ontbyt is ingesluit.

**11:00 / DASJESDRIFT WAENHUIS / 120 MIN / R220**



### Karnaval van die Diere
Met José Dias (klavier) en Mario Nell (klavier). Teks, vertelling en sang: Niël Rademan
**KLASSIEK**

Die Franse komponis Camille Saint-Saëns se musikaal komiese werk Karnaval van die diere is 'n uitbeelding van die diereryk en word met twee klaviere en 'n verteller uitgevoer. In hierdie bekende suite gebruik die komponis briljante instrumentale effekte om musikale prentjies te skets. Hierdie halfuurlange werk word voorafgegaan deur 'n program van ligter klassieke werke en sang. Verversings te koop.

**14:00 / DASJESDRIFT WAENHUIS / 60 MIN / R200**



### Afsluitingskonsert
Met Jak de Priester
**LIGTE(R) MUSIEK**

Jak is 'n gesogde Afrikaanse sanger en skrywer. Hy is in 2002 deur die ATKV as wenner van die Crescendo-sangkompetisie aangewys. Van sy treffers is "Sally Williams Nougat" en "Groen Mamba" en hy het ook die temalied van kykNET se sepie Binnelanders geskryf. Jak is volksbesit en hy maak vir die tweede keer sy Suid-Kaapse draai by die fees. Moet dit nie misloop nie.

**16:00 | DASJESDRIFT WAENHUIS | 120 MIN | R180**









# UITREIKPROJEKTE

**VOOR IN DIE KOOR: KOORSANG**
Vrydagaand 26 September was die jaarlikse ATKV galakonsert in Heidelberg se historiese NG Kerk met die Windworx Simfoniese blaasorkes, met dirigente Pamela Kierman en Riaan van Wyk, die soprano Lynelle Kenned, Jo-nette le Kay, Zanne Stapelberg, die bariton William Berger en 'n massakoor van 300 sangers, saamgestel deur Betsie Ryke 'n hoogtepunt. Hierdie reusekoor het bestaan uit Heidelberg Hoëlskool, Panorama Primêr, Voorwaarts Primêr, Gerrit du Plessis Sekondêr, Stilbaai Gekombineerde Koor, Riversdal Uitvoerende Kunste-koor. Sleeping Beauty Sangers sowel as individuele sangers van die omgewing. Hierdie projekkoor word voorafgegaan met koorsangwerkwinkels wat vanaf Julie – September elke duur. Die aanbieders van die werkswinkels is Raviq Julies en Betsie Ryke.



**KINDERKUNS-UITSTALLING**
Jonk en oud kon ook van Dinsdag tot Vrydag kunsuitstallings en kunswerkswinkels in Heidelberg bywoon. Die wenners van die HSQA Kunsroete se kinderkunskompetisie se kunswerke is by Heidelberg se dorpsbiblioteek uitgestal word.

Die kinderskunswerkwinkels en kompetisie word in die eerste deel van die jaar aangebied deur die fees se kunskurator, Louise Kluyts en bereik dan 'n hoogtepunt met die uitstalling en prysuitdelingsgeleentheid wat in September by die Heidelberg Dorpsbiblioteek plaasvind.



# MEDIADEKKING

Drukmedia

Vrydag, 3 Oktober 2025 — Suid-Kaap FORUM — 3





Elna van der Merwe, Zanne Stapelberg, Petrus de Beer, Jo-Nette le Kay, Lynelle Kenned en William Berger tydens *Afrikaans my hart*. Foto's: Ben Snyman

HESSEQUA HARMONIE-FEES

Drukmedia

## Vier kultuur en harmonie in Heidelberg!

HESSEQUA - Kom beleef Hessequa Harmonie 2025 vanaf 23 tot 27 September, 'n fees waar musiek, teater, kos en kuns saamvloei in 'n onvergeetlike viering van kultuur en gemeenskap.

Geniet wêreldklas-konserte, teater, gesprekke en kulinêre ervarings, terwyl uitstallings en werksessies die dorp met kreatiwiteit laat leef.

**Program**

**Dinsdag 23 September**

09:00: Boere Brekfis - Samantha van den Berg en Chris Burgess by Die Skeerhok Padstal - R300

19:00: Nataniël in konsert met Charl du Plessis te Heidelberg-stadsaal - R300

**Woensdag 24 September**

09:00: Sandra Prinsloo in *Onse Afrikaans* te Doornboom Opstal - R220

11:30: RooiBessieHart / Corazón de Bayas Rojas te Proeviand - R220

19:00: Harmonie Langtafel met Ramon Alexander-kwartet te Heidelberg-stadsaal - R400

**Donderdag 25 September**

09:00: Afrikaans100 Ontbyt - Prof. Michael le Cordeur te Doornboom Opstal - R220

11:30: Volksmond - Wêreldmusiek te Proeviand - R220

18:00: *Afrikaans my hart* te Heidelberg-stadsaal - R220

20:00: *Hans bars die bioborrel* (komedie) te NG Kerksaal - R220

**Vrydag 26 September**

09:00: Barok vir brekfis te Doornboom Opstal - R220

11:30: Erfeniskos te Proeviand - R300

18:00: Galakonsert met WindWorx en gemeenskapskoor te NG Kerk - R160

**Saterdag 27 September**

11:00: Blomme Brekfis - Diederik Geldenhuys te Dasjesdrift - R220

14:00: *Karnaval van die diere* - José Dias en Mario Nell te Dasjesdrift - R200

16:00: Afsluitingskonsert - Jak de Priester te Dasjesdrift - R180

**Daaglikse kunsprogram**

Uitstallings en werksessies by Doornboom Opstal, Heidelberg-biblioteek, Star Nation Gallery, Firefly Studio en Heidelberg Hotel. Toegang gratis.

**Navrae**

Logistiek en Media: Lindi-Heila Smit - 084 446 3200

Kaartjies en verblyf: Shimri Muir - 082 517 0858

Kore: Betsie Ryke - 083 229 0598

Kuns: Louise Kluyts - 082 378 4126




Moenie Donderdag 25 September se *Afrikaans my hart* optrede in Heidelberg-stadsaal misloop nie.



# MEDIADEKKING

## Instagram




## Drukmedia



Ben Snyman

HEIDELBERG - Die 8ste Hessequa Harmonie-fees, wat van 23 tot 27 September plaasgevind het, het die afgelope week die Hessequa-streek se mense en besoekers saamgebind in 'n viering van musiek, kuns, erfenis en gemeenskap. Met vyftien vertonings, sewe kunsuitstallings, 'n rekordgetal van 500 besoekers en wêreldklas kunstenaars, het die fees nie net in omvang gegroei nie, maar ook in gees en betekenis.

Feesdirekteur Niel Rademan, beskryf dit só: "Die 8ste Hessequa Harmonie was vir ons 'n besonderse hoogtepunt. Wat my die meeste trots maak, is hoe die gemeenskap en besoekers saam die unieke karakter van die Hessequa-streek kom vier het. Hierdie sukses gee ons ongelooflike momentum vir die toekoms. Die klein fees, met die groot hart."

**Musikale hoogtepunte**

Die ATKV-galakonsert in die NG Kerk was ongetwyfeld een van die hoogtepunte. Die *WindWorx Symphonic Wind Ensemble* onder leiding van Pamela Kiernan en Riaan van Wyk, saam met soliste Jo-Nette le Kay, Zanne Stapelberg, Lynelle Kenned, William Berger en Niël Rademan, het die gehoor op 'n indrukwekkende musikale reis geneem. 'n Massakoor van meer as 200 Hessequa-leerders, gedirigeer deur Betsie Ryke, het die aand na nuwe hoogtes gevoer.

Die feesprogram was ryk en gevarieerd.

Vrydagoggend het begin met *Barok vir Brekfis*, waar Lynelle Kenned se engelstem die gehoor betower het, terwyl Elna van der Merwe (klavier) en Petrus de Beer (viool) die

Die NG Kerk was vol gepak tydens die ATKV-galakonsert.

Petrus de Beer, Elna van der Merwe en Lynelle Kenned tree op tydens *Barok vir brekfis*.



Die Hessequa Harmonie-musiek- en kunsfees het sy borge onlangs in styl geëer met 'n elegante aand by De Hoek Manor in Stellenbosch. Gaste is verwelkom deur André van Vuuren op akkordeon, en het die uitsonderlike optrede van pianis Elna van der Merwe en sopraan Jo-Nette le Kay geniet.

Met wyne van Van Loveren, 'n fantastiese atmosfeer en die ondersteuning van hoofborg EasyEquities, is die 2025-feesprogram amptelik bekendgestel. Die aand het die gees van Hessequa Harmonie weerspieël: ouwêreldse bekoring, kulturele rykdom en samesyn. Met die ondersteuning van sy borge groei die fees steeds as 'n baken van kunstenaarskap en gemeenskapsgees in Heidelberg.

Feesdirekteur Niël Rademan het sy dankbaarheid teenoor die borge uitgespreek: "Hessequa Harmonie is meer as net 'n fees - dit is 'n byeenkoms van harte en talente. Niks hiervan sou moontlik wees sonder die ruimhartigheid en visie van ons borge nie. Vanaand verseker ons hul rol om die kunste lewendig en toeganklik te hou."

Besoek hessequa-harmonie.co.za vir meer besonderhede en die volledige program.

■ Vir navrae, skakel Lindi Smit by 084 446 3200, of stuur 'n e-pos aan hessequaharmonie@gmail.com.

André van Vuuren op akkordeon.

Feeskunstenaar Gertjie Besselsen klink heerlike Van Loveren vonkelwyn.

Grant Riddles, burgemeester van Hessequa.

Logistiek- en produksiebestuurder Lindi Heila Smit en feesdirekteur Niël Rademan.

# FOTO'S








COFFEE



HESSEQUA HARMONIE






HESSEQUA HARMONIE
HESSEQUA HARMONIE






EXIT




SURVIVOR
HESSEQUA HARMONIE



# FOTO'S
































# BORGE

via.

100 Years 1925-2025 PINOTAGE

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

bvsa More than just numbers!

RIVERSDAL TOYOTA

ATTERBURY TRUST

JOHANN BRINK TRUST

CN&CO

Western Cape Government FOR YOU

DIE BURGER

CARMIÉN Rooibos tea

sba Sigbaar Afrikaans
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

Explorer's Garden Route Hessequa

VRL VAN LOVEREN

PINOTAGE ASSOCIATION • ASSOSIASIE

HEUER PIANOS

RUPERT-MUSIEKSTIGTING

HSQA ART ROUTE

AFRIKAANS AMPTELIK 100

Eureka Mills

RATEM Riversdalse Amateur Toneel- en Musiekvereniging

smartz SOLUTIONS

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS 1915

ATKV

webtickets

LW Hiemstra Trust

EasyEquities

Suid-Kaap FORUM South Cape

Ons verwelkom u graag by volgende jaar se fees:



22 - 26 SEPTEMBER 2026